



Oumas, moeders, susters en niggies deel mans Sosiale Nes-Spinnekoppe (Stegodyphus dumicola)

(Community nest spiders, velvet spiders / Sosiale-nes-spinnekoppe, fluweelspinnekoppe / Röhrenspinnen, Gesellschaftsspinnen)

Wie sou nou kon dink, dat spinnekoppe ook vreedzaam in 'n groep sou kon saamlewe??!! Wel, daar is 'n soort wat juis dit doen. Ons ken almal hulle neste, dis 'n algemene gesig in bosse, bome en struik in die veld, selfs in tuine. Vanaf 1 m bokant die grondoppervlak tot sover as 3 m hoog het ek hulle al gesien. Van buite af lyk die nes vuilwit, nie baie netjies nie, omtrent vuisgrootte. Buiteom of langsaan is die vangnet, waarin prooi gevang word, partykeer **groot** prooi, soos op die foto die stokinsek (walking stick, Stabheuschrecke).



Voor die ingang van die nes is 'n stokinsek (walking stick) in die web vasgevang



Binne-in die nes is dit baie netjies, met gange en kamers vir al die spinnekopdames en ronde, platterige eierkokonne

Sosiale-nesspinnekoppe is grys en bruin van kleur, soms met patrone bo-op die agterlyf en bedek met 'n pelsie fyn hare, hulle word dus ook fluweelspinnekoppe genoem. In die nes op die foto het ek minstens agtien spinnekopdames gekry, snaaks genoeg nie een mannetjie nie, of ek het dit nie herken nie. Mannetjies kom blykbaar van buite af in. Hulle lewe is maar kort. Voor by die nesingang is die ronde, platterige eierkokonne.



Al die spinnekoppe van een nes



Drie susters of niggies of ouma, ma en dogter

Interessant is dat hierdie spinnekoppe mekaar nie opvreet nie, selfs nie spinnekoppe van 'n vreemde nes nie! (Ek het dit getoets.)

Interessant is ook, dat hierdie spesies spinnekoppe gebruik word vir navorsing m.b.t. lyn- en inteling. Die inwoners van so 'n versamelnes is almal naby familie vanmekaar. Navorsings toon dat hierdie soort spinnekoppe 'n toets van die evolusie was. Nou blyk dit so, dat hierdie lewenswyse in 'n doodloopstraat geeindig het, want die gene is intussen so arm aan veranderingsmoontlikheid, dat geen verandering meer kan plaasvind nie. Op die anderkant is alle "mislukkings" uitgeskakel, en die spinnekoppe is in hulle eie lewenswyse-sisteem gevange.

Interessant is verder, dat nie al die wyfies in die nes eiers lê nie, alhoewel hulle geslagsryp is. Slegs die groot vettes reproduseer, die ander dames help met die grootmaak van die kleintjies en die skoonmaak en herstel van die nes en die vangweb. Hoe meer spinnekopdames in een nes bly, hoe kleiner is hulle liggame a.g.v. minder kos. Blykbaar is die eie sekerheid en geborgenheid prioriteit nommer een en **nie** die hoeveelheid kos nie. Dit laat 'n mens dink aan insekvolke se leefwyse en selfs in 'n mate aan bobbejane se tropstruktuur (as dit nie versteurd is nie)



Tipies en kenmerkend is die gesigspatroom van die twee donker driehoek

insekmaaltydafval versterk nes-konstruksie

As 'n mens hierdie spinnekoppe se versamelneeste van nader bekyk, kry jy 'n aanduiding, **hoeveel insekte hulle vang en hoe nuttig hulle(veral vir akkerbouers) eintlik is**. Die kutiendele (insekmaaltyd-afval) wat in die nesnet sit, versterk ook nog die konstruksie (die sydrade is regtig baie, baie taai; probeer maar om so 'n nes te verskeur, dit werk nie) en maak dit so feitlik onverwoesbaar. Hierdie soort sosiale-nes-spinnekoppe het nog "familie" wat alleen in 'n eie nes bly, so te sê as kluisenaresses, nl. *Stegodyphus tentoriicola* en *Dresserus colsoni*.

Inligtingsbronne:

New revised edition of Filmer's Spiders (Martin R.Filmer revised by Norman Larsen)

GOGGAgids (Erik Holm, Ansie Dippenaar-Schoeman)

Ansie Dippenaar-Schoeman(Dankie)

Spinnen-Sex und mehr: Spinnenbiologie, Mensch und Spinne (Rainar Nitzsche)

<https://books.google.com/nabooks?isbn=3930304198>

www.berliner-zeitung.de/einige-spinnenarten-haben-erstaunlich-viel-gemeinsam--evolutionsforscher-erkunden--wie-es-dazu-kommt-selbslos-in-der-sackgasse-15646002

Teks en fotos: Anka Eichhoff

Maart 2017